

Bron

01712

Datum

000181181231

Onderwerp

18

Knipsel

179169

9

Finansies &
Tegniek

P. 20

Datum 18 Aug 2000

EKONOMIE

Deur Engela Slabber
eslabber@naspers.com

Regering mis 'n geleentheid

Beleggers sal nie vir altyd wag nie.

DIE regering het waarskynlik by die jongste opdatering van sy privatiseringsprogram 'n geleentheid deur sy vingers laat glip om sakevertroue te versterk.

Ondanks 'n wye reeks gunstige ekonomiese faktore het vertroue vasgeval. Negatiewe sentiment is hoofsaaklik meegebring deur buite-invloede, onder meer die politieke ontwikkelinge in Zimbabwe.

'n Gedetailleerde privatiseringsprogram sou in dié omstandighede 'n positiewe bydrae tot sentiment in finansiële markte en beleggersvertroue kon lewer.

Jeff Radebe, minister van openbare ondernemings, sê egter dit sou onverstandig wees om besonderhede bekend te maak omdat veranderende markomstandighede die waarde van tersaaklike transaksies kan beïnvloed.

Sakelui, beleggers en ontleders het gehoop op meer inligting. Ná vyf jaar en dosyne dokumente het hulle steeds nie toegang tot besonderhede soos maatskappywaardasies en spesifieke tydroosters nie.

Sommige ontleders glo groter openlikheid oor sake soos die persentasie aandeel van die betrokke ondernemings wat aangebied gaan word en maatskappywaardasies – asook 'n aankondiging oor die notering van Telkom – kon die hupstoot gewees het wat SA nou nodig

het om die trae opswaai in sy ekonomiese siklus lewenskragtiger te maak.

Die gebrek aan sperdatums maak dit moeilik om die privatiseringsprogram se bydrae tot die ekonomie te raam.

En beleggers sou meer wou weet oor die dereguleringsplanne van die betrokke bedrywe. 'n Mededingende omgewing gaan hand aan hand met suksesvolle privatisering. Beleggers sal traag wees om deel te neem aan die proses as daar so min op die tafel is.

Die toekomstige reguleringsraamwerk vir Telkom en die planne ten opsigte van Transnet en Telkom se selfoonbelange bly byvoorbeeld in die duister. En geen melding is gemaak van die privatisering van die streekelektrositeitsverspreiders nie.

Soos die minder suksesvolle privatiseringspoging van Safcol getoon het, is dit onrealisties om te verwag dat beleggers sal aanhou wag in 'n wêreld waar talle ander geleenthede beskikbaar is – waarskynlik met minder voorskrifte oor maatskaplike verpligtinge en teenpresantasies.

'n Mededingende en doeltreffende proses hang benewens deursigtigheid ook af van die spoed waarmee transaksies afgehandel kan word. Uitgerekte transaksies kan baie duur vir die bieërs wees.

Twee aspekte kan wel met redelike sekerheid aanvaar word:

◆ Die regering se jongste verbintenis om die privatiseringprogram toegewyd oor die volgende paar jaar tot 2004 uit te voer, bied geen omdraaikans nie.

◆ Die inkomste uit privatisering sal heelwat meer wees as die R21 miljard in die volgende drie jaar waarvoor Trevor Manuel, minister van finansies, in sy begroting voorsiening gemaak het. Dit beteken dat die staat minder sal hoef te leen.

TREFWOORDE

- 1 *Kommis*
- 2 *Radebe J.*
- 3 *Deur Engela*
- 4 *Anders*
- 5 *Hertrik*
- 6 *meestal*
- 7 *net*
- 8 *sakelui*
- 9 *Inten*
- 10 *Pratiese*

SA MEDIA

Die Universiteit van die Vrystaat

Bron

01712

Datum

0010818221

Onderwerp

18

Knipsel

1719169

Finansies & Tegniek

P.....20

Datum 18 Aug 2000

Daar bestaan genoeg bewyse dat maatskappye met private eienaarskap beter presteer as staatsbeheerde instansies, ook in ontwikkelende lande. In 'n onlangse studie wat die Wêreldbank se International Finance Corporation oor 79 geprivatiseerde maatskappye in 21 ontwikkelende lande onderneem het – onder meer in Nigerië en die Filippyne – is bevind dat aansienlike verbeteringe ná privatisering te sien is. Dit geld winsgewendheid, bedryfsdoeltreffendheid,

kapitaalinvestering, opbrengs en werkskepping.

Peilings in individuele lande het dit bevestig. 'n Studie van 28 geprivatiseerde maatskappye in Egipte het byvoorbeeld 'n toename in verkope in 71% van die maatskappye getoon, 'n styging in verdienste in 68%, 'n toename in die gemiddelde salaris per werker in 96%, asook 'n daling in sowel korttermyn- as langtermynskuld in 82% van die betrokke ondernemings.

In SA sal 'n dinamiese privatiseringsprogram van staatsbates 'n daling in die staat se skuldalas meebring, wat meer geld vir maatskaplike verpligtinge en ekonomiese programme beskikbaar sal stel. Laer rentekoste sal terselfdertyd druk op die plaaslike finansiële markte verlig en binnelandse rentekoerse kan gevolglik daal.

Dit kan lei tot 'n verbetering van SA se kredietgradering, wat die invloed van buitelandse investering sal ondersteun, die koste van buitelandse lenings kan verminder en die SA Reserwebank se reserweposisie kan verbeter.

Só 'n positiewe kringloop sal die land se welvaart op middel- en lang termyn laat toeneem en armoede en werkloosheid teenwerk.

Dit is waarom privatisering in SA 'n dringende saak is en waarom dit deursigtig moet wees vir almal wat daaraan wil deelneem. Geleenthede gaan intussen verlore. □

Inkomste uit privatisering

	Verwagte staats-inkomste (R miljard)	Beraamde regerings-tekort (R miljard)
2000-'01	2,0	23,1
Safcol	0,5	
Telkom	1,0	
Ander	0,5	
2001-'02	24	24,1
Acsa	3	
Denel	1	
Sasria	3	
Telkom	17	
2002-'03	20	23,1
SAL	1	
Transnet	9	
Eskom	10	
2003-'04	21	22,7
Eskom	15	
SAL	6	

Bron: Deutsche Bank Securities

TREFWOORDE

- 1
- 2
- 3
- 4
- 5
- 6
- 7
- 8
- 9
- 10